Die Voortrekkers

VERKLARING EN VRYWARING DEUR 'N OUER / WETTIGE VOOG VAN 'N JEUGLID WAT NIE 'N LID VAN *DIE VOORTREKKERS* IS NIE

Vorm L11
2007

Hiermee verklaar ek _____
(volle naam en van)

ID nommer:_____

1.1 Dat ek die wettige ouer en/of voog van _____ is en aldus gemagtig om hierdie verklaring te onderteken.

1.2 Dat ek hiermee *Die Voortrekkers*, al sy openbare amptenare, al sy verteenwoordigers en lede vrywaar teen aanspreeklikheid van enige eis om skade, uitgesonderd skade veroorsaak deur hulle growwe nalatigheid, hetsy gebaseer op geldelike verlies, uitgawes aangegaan in verband met sodanige skade, eise vir pyn en lyding, eise vir verlies aan toekomstige inkomste of watter ander aanspreeklikheid ookal, wat mag voortspruit uit een of meer van die volgende:

1.2.1 dood of besering aan die persoon van bogenoemde kind;

1.2.2 verlies van of beskadiging aan eiendom van bogenoemde kind terwyl gemelde kind betrokke is by enige aktiwiteit en/of reis op pad na of van enige perseel waar sodanige aktiwiteit aangebied word waarby *Die Voortrekkers* of enige van sy verteenwoordigers dit op enige vlak georganiseer het of by betrokke is.

1.3 Dat ek hiermee die gemagtigde verteenwoordiger(s) van *Die Voortrekkers* wat in bevel mag wees tydens enige voorval waarin bogemelde kind beseer mag word, magtig en aanstel om namens en in my plek tot enige van die ondergemelde toe te stem indien ek, om welke rede ookal, nie beskikbaar is nie:

1.3.1 chirurgiese of mediese prosedure en/of toediening van narkose wat nodig mag wees as gevolg van enige besering aan die persoon van die bogemelde kind;

1.3.2 die aangaan van mediese koste in verband met bogemelde kind insluitend nood mediese afvoer.

Ek waarborg en bevestig dat ek self gemagtig is en die reg het om tot sodanige optrede in te stem en bekragtig enige optrede hierkragtens gedoen.

1.4 Dat ek onderneem om enige (van die bogemelde) koste ten opsigte van bogemelde op aanvraag te betaal en onderneem hiermee om *Die Voortrekkers* en/of enige van sy openbare amptenare en/of enige van sy verteenwoordigers te vergoed vir en vrywaar teen van enige koste wat in hierdie verband aangegaan mag word.

1.5 Dat ek bevestig dat enige mediese rekening direk aan my gestuur moet word en onderneem om alle koste in die verband op aanvraag te betaal.

1.6 Dat ek die volgende adres kies vir doeleindes van enige kennisgewing aan my, voortspruitend uit enige aksie gedek deur hierdie dokument:

_____

_____

1.7 Dat ek kennis neem dat my kind hom/haar aan die gesag, gedragskode en reëls van bestuursliggame van *Die Voortrekkers* moet onderwerp tydens deelname aan aktiwiteite en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van *Die Voortrekkers* se Reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree en ratifsieer enige sodanige wettige optrede.

1.8 Dat ek die inhoud van hierdie onderneming met die betrokke kind bespreek het.

1.9 Dat die inligting wat ek op hierdie vorm verskaf het korrek is.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 ____

_____ _____

Handtekening van ouer\wettige voog **Naam in drukskrif**